NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Kwaliteitsnuusbrief
JAARGANG 7 NO 2

Inhoudsopgawe

1 BELYNDE EKSTERNE PROGRAMEVALUERING IS NOG 'N EERSTE VIR DIE KWALITEITSKANTOOR
2 BESOEK AAN DIE INDUSTRIE IS NÓG 'N EERSTE VIR DIE KWALITEITSKANTOOR
3 DIE KWALITEITSVERBETERINGSPROJEK WAT IS DIE VOLGENDE STAPPE?
4 EVALUERINGS VAN ONDERSTEUNINGSDEPARTEMENTE: EEN GROTE EN SES KLEINTJIES…
5 DATA VAN EKSTERNE PROGRAMEVALUERINGS: 2007-2014
6 BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING EN KWALITEIT BY DIE NWU
7 INDABA 2014

Beste leser, Hierdie nuusbrief bied 'n vlugtige perspektief op die gehalteverskering van akademiese programme en ondersteuningsdepartemente by die NWU. Hiermee word gepoog om elkeen se verantwoordelikheid binne die konteks van akademiese en/of ondersteuningsdienste te beklemtoon. Stuur asseblief enige navrae en kommentaar aan Tommy Pietersen (tommy.pietersen@nwu.ac.za)

10 JAAR
Dit begin alles hier™

BELYNDE EKSTERNE PROGRAMEVALUERING IS NOG 'N EERSTE VIR DIE KWALITEITSKANTOOR

Gedurende Junie 2014 het die eerste belynde eksterne programevaluering van 'n akademiese program by die NWU plaasgevind. Hierdie program, die BEdHons: Leerderondersteuning, word tans op al drie kampusse en per afstandsonderrig aangebied.

Die evalueringspaneel het vier dae gebruik om die kampusse te besoek en die program te evalueer. Prof Hester Geyser (Universiteit van Johannesburg) was die voorsitter en is ondersteun deur prof Willy Nel (Universiteit van die Vrystaat), dr Ruth Mampane (Universiteit van Pretoria), me Jean Fourie (Universiteit van Johannesburg) en prof Mso Gumede (UNISA). Prof Gumede was ook die eerste persoon met 'n gesiggestremdheid wat op 'n paneel gedien het gedurende 'n eksterne programevaluering by die NWU.

Agter van links is prof Mso Gumede (eksterne evalueerder: UNISA), prof Hester Geyer (voorsitter: Universiteit van Johannesburg) en prof Willy Nel (eksterne evalueerder: Universiteit van die Vrystaat).

In die middel van links is dr Muki Moeng (Direkteur: Onderrig en Leer), me Jean Fourie (eksterne evalueerder: Universiteit van Johannesburg), me Robyn Arnold (verslagskrywer), dr Ruth Mampane (eksterne evalueerder: Universiteit van Pretoria) en me Antoinette Vermeulen (Kwaliteitsbestuurder: Akademiese Programme).

Heel voor is dr Jannie Jacobsz (Institusionele Direkteur: Kwaliteit).

Die evalueringspaneel van die BEdHons: Leerderondersteuning was baie beïndruk met die NWU se fasiliteite en die positiewe ingesteldheid van die dosente wat hulle ontmoet het. Die paneel het begrip uitgespreek vir die kompleksiteit veral wat betref die fisiese afstande tussen kampusse en die implikasies wat dit inhou.

Die uitslag was positief – die paneel het bevind dat die BEdHons-program op al drie die kampusse en per afstandsonderrig aan die minimum standaarde voldoen.

BESOEK AAN DIE **INDUSTRIE** IS NÓG ‘N EERSTE VIR **DIE KWALITEITSKANTOOR**

Die Kwaliteitskantoor saam met ‘n evalueringspaneel het vir die eerste keer tydens die eksterne programevaluering van vier MSc Bedryfswiskunde en Informatika-programme (BWI-programme) die industrie besoek.

Die evalueringspaneel het Barclays in Johannesburg besoek om met alumni van die NWU te gesels. Tydens dié besoek het die paneel baie positiewe terugvoer vanaf die alumni ontvang oor hoe hiérdie programme die studente voorberei het vir die werksplek. Internasionale en nasionale eksterne paneellede is ook die geleentheid gegun om na die navorsingsvoorstelle van BWI-studente te luister. Die internasionale eksterne paneellede het onder andere prof Sandjai Bhulai (Vrije Universiteit van Amsterdam), prof Paul Sweeting (Universiteit van Kent), mnr Nat Cole (Streeksdirekteur: Internasionale Vereniging vir Professionele Risikobestuurders – Nigerië) ingesluit.

Van die nasionale eksterne paneellede was prof Paul Fatti (Voorsitter: Universiteit van die Witwatersrand), prof Willie Conradie (Universiteit van Stellenbosch), me Ina de Vry (Barclays Afrika) en dr Leendert Haasbroek (Eksterne evalueerder, Standard Bank).

Een van die BWI-studente besig met ‘n navorsingsvoorstel in die aanwesigheid van die paneel tydens die eksterne programevaluering van vier MSc BWI-programme

Die Kwaliteitsverbeteringsprojek **wat is die volgende stappe?**

Prof Martin Oosthuizen, Adjunkvisekanselier: Onderrig-Leer

Tesame met al die ander openbare universiteite het die Noordwes-Universiteit aan die begin van September 2014 sy institusionele voorlegging vir die Kwaliteitsverbeteringsprojek (KVP) by die Raad op Hoër Onderwys (RHO) ingedien.

Oor verloop van die volgende aantal maande sal die RHO die institusionele voorleggings ontleed ten einde gemeenskaplike tendense te bepaal wat voortspruit uit die KVP se vier fokusareas.

Soos genoem in die Mei 2014-Kwaliteitsnuusbrief is hierdie fokusareas: verbetering van akademici as dosente; verbetering van studentesteun en -ontwikkeling; verbetering van die leeromgewing; en verbetering van die kursus- en programinskrywingsbestuur.

Dit wat voorlê

Gedurende 2015 sal die RHO verskeie nasionale en streekskonsultasies hou om belangrike perspektiewe te bespreek wat die KVP verskaf m.b.t. studentesukses, en om te oorweeg hoe om sektorwye samewerking te bevorder ten einde gemeenskaplike uitdagings die hoof te bied.

Een van die beplande hoogtepunte vir 2015 is 'n nasionale konferensie in Junie, waar prof Thomas Olsson van Lund Universiteit in Swede 'n reeks werkswinkels sal aanbied oor die erkenning van pedagogiese bevoegdheid in institusionele beloning- en erkenningstelsels.

Direkteurs van Onderrig en Leer, en akademiese bestuurders met verantwoordelikheid vir onderrig en leer sal genooi word om dit by te woon. Die RHO het op 5 November 2014 'n vergadering gehou met Adjunkvisekanseliers (AVK's) Akademie en Onderrig-Leer om te praat oor die totstandbrenging van 'n Hoëronderwysverbeteringskomitee, bestaande uit al die AVK's vir Onderrig-Leer om toesig te hou oor die KVP.

Ons het vordering gemaak

Ons institusionele voorlegging bevestig dat ons beduidende vordering gemaak het in die onderskeie fokusareas. Dit is goed om kennis te neem van die stelsels, beleide en prosesse wat in plek is om onderrig en leer te professionaliseer, met inbegrip van die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente, die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid en die Vakkundigheid van Onderrig en Leer, wat voorsiening maak vir verskeie projekte oor onderrig en leer op al die kampusse sowel as 'n jaarlikse institusionele konferensie.

Meganismes soos Aanvullende Onderrig, lees- en skryflaboratoriums, ewekniementorskap en die voorsiening van akademiese geletterdheid voorsien ons studente van 'n reeks doeltreffende ondersteuningstrategieë.

Wat ons leeromgewing aanbetref, was daar in die afgelope aantal jare goeie vordering ten opsigte van die manier waarop die biblioteekdienste die akademiese projek ondersteun, terwyl die IT-instapdiens vir studente illustreer dat ons daartoe verbind is om 'n instaatstellende omgewing vir ons studente te skep.

Ons het ook 'n goed ontwerpte inskrywingsbeplannings- en bestuurstelsel wat dit vir ons moontlik maak om die inskrywingsproses by ons onderskeie kampusse en in ons onderskeie programme doeltreffend te bestuur.

Ruimte vir verbetering

Daar is uiteraard steeds heelwat ruimte vir verbetering. 'n Tema wat gereeld opduik m.b.t. ons KVP-voorlegging is die behoefte aan groter koördinering tussen kampusse en verskillende funksionele eenhede. Gedurende 2015 sal ons fokus op verskeie projekte wat 'n meer geïntegreerde benadering sal bevorder. Dit is dus uiters belangrik om 'n koherente raamwerk vir

studentesukses te ontwikkel sodat ons die interaksie tussen die onderskeie faktore kan verstaan wat 'n impak daarop het, en sodat ondersteuningseenhede vanaf 'n geïntegreerde benadering te werk kan gaan om studente te ondersteun.

As deel van hierdie raamwerk moet ons ons vermoë uitbou om data intelligent te gebruik om akademiese prestasie te moniteer en te verstaan, veral om ons in staat te stel om hoërisikostudente te identifiseer en hul vordering dop te hou. Daar is ook 'n behoefte aan 'n meer stelselmatige benadering tot die voorsiening van professionele ontwikkelingsgeleenthede vir ons akademiese personeel, gekoppel aan doeltreffende mentorgeleenthede en leiding t.o.v. loopbaanbeplanning.

Laastens

Soos wat die werk oor tegnologiebemiddelde leer momentum kry, moet ons verseker dat ons ons personeel van die nodige kapasiteitsontwikkelingsgeleenthede voorsien ten einde hulle in staat te stel om onderrig- en leeromgewings te ontwerp wat tegnologie optimaal benut, en om die aanvaarding van 'n vervlegteleer-ontwerp binne hul dissiplines en programme te oorweeg. Al hierdie uitdagings sal hoë prioriteit geniet in 2015.

Evaluerings van **ondersteuningsdepartemente:** een grote en ses kleintjies

Dit was weereens 'n bedrywige jaar in hierdie portefeulje.

Een grote...

'n Groot en omvattende eweknie-evaluering is gedoen by Mensekapitaal (Institusionele Kantoor en die drie kampusse). Die evaluering het 'n week geduur en die paneel het bestaan uit een internasionale, vyf nasionale en twee interne paneellede. Vier van die eksterne paneellede is afkomstig van tersiêre instellings terwyl twee in die privaatsektor werksaam is.

Die paneel besoek die kantore van Mensekapitaal by die Institusionele Kantoor.

'n Baie intensiewe onderhoudsessie het tydens die besoek aan die Mafikengkampus plaasgevind.

Die paneel tydens 'n besigtigingstoer op die Potchefstroomkampus.

Die paneel doen hulle ding: 'n Wegbreeksessie tydens die evaluering van Mensekapitaal op die Vaaldriehoekkampus.

Van links is dr Bertus le Roux (Voorsitter; Hoof: Nagraads en Organisasie, Potchefstroomkampus), me Tokoza Kwinana (Direkteur: Besigheidsvennootskap- en Mensehulpbrondienste, Universiteit van Johannesburg), prof Sonia Swanepoel (Dekaan: Fakulteit Handel en Administrasie, Mafikengkampus, NWU; lid van South African Board of People Practice; mnr Samson M Vilakazi (Mensehulpbronbestuurder, John Snow Ingelyf), me Johanna Müller (Kwaliteitsbestuurder: Ondersteuningsdepartemente), dr Johannes M Mokoele (Senior direkteur: Mensehulpbronne, Durban Universiteit van Tegnologie); prof Marcie Boucouvalas (Programdirekteur: Volwasse leer en Mensehulpbronontwikkeling, Virginia Polytechnic Institute and State University, VSA); me Robyn Arnold (sekretaris), mnr Kedirang Oagile (Senior bestuurder: Mensekapitaaldienste, WNNR), mnr Lourens Geyer (Senior direkteur: Mensehulpbronne, Universiteit van die Vrystaat)

En ses kleintjies...

Van die sewe oorsigtelike evaluerings wat beplan is vir 2014 is die volgende ses uitgevoer: Beskermingsdienste (Vaaldriehoekkampus), Rekordbestuur en Administrasie (Institusionele kantoor), Bestuursinligting (Institusionele kantoor), Tolkdienste (Potchefstroomkampus), Argief en Museum (Institusionele kantoor) en Studente Sake (Vaaldriehoekkampus).

Op 14 Oktober is 'n oorsigtelike evaluering van die NWU se Tolkdienste gedoen. Die paneel bring 'n besoek aan hul kantore. Van links is prof Mbulungeni Madiba (Adjunkdekaan: Centre for Higher Education Development: Navorsing, Transformasie, Personeelontwikkeling; Meertaaligheidsprojek, Universiteit van Kaapstad), me Johanna Müller (Kwaliteitsbestuurder: opndersteuningsdepartemente), me Anneliese Beukes-Liebenberg (Institusionele Taaldirektoraat), dr Eleanor Cornelius (senior lektor: Departement Linguistiek, Universiteit van Johannesburg; SATI-geakkrediteerde simultane tolk), dr Tom Larney (verslagskrywer), prof Jan Swanepoel (Dekaan:Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, NWU) en mnr Johan Blaauw (Institusionele Taaldirektoraat).

Op 29 September het die departement Bestuursinligting óók 'n oorsigtelike evaluering ondergaan. Links is Voorsitter, Prof Martin Oosthuizen (Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer); Eksterne paneellid mnr Neil Grobbelaar van die Universiteit van Stellenbosch; Eksterne paneellid mnr Glen Barnes (Waarnemende uitvoerende direkteur: Institusionele Statistiek en Analise, UNISA);

Data van **eksterne programevaluerings: 2007-2014**

Benewens die feit dat die Kwaliteitskantoor vanjaar sy eerste ekstern belynde programevaluering afgelewer het, het verskeie individuele programevaluerings ook plaasgevind vanaf 2007-2014.

Die Kwaliteitskantoor het in hierdie tydperk 'n totaal van 64 evaluerings regoor die NWU uitgevoer – almal het bygedra tot kwaliteitbevordering by Universiteit.

Mafikengkampus

Van 2007-2014 is 'n totaal van 24 programme ekstern geëvalueer. Hierdie programme was hoofsaaklik in die volgende fakulteite: Geestes- en Sosiale Wetenskappe, Handel en Administrasie, en Landbou, Wetenskap en Tegnologie. Gedurende 2014 is 'n volle ses programme in die Fakulteite Handel en Administrasie geëvalueer.

Potchefstroomkampus

Sedert 2007 is 'n totaal van 27 programme geëvalueer. Die evaluerings op hierdie kampus is eweredig oor die agt fakulteite versprei. Die meeste van die evaluerings het plaasgevind in Natuurwetenskappe (agt evaluerings) en Gesondheidswetenskappe (vyf evaluerings).

Vaaldriehoekkampus

Dertien programme is op die Vaaldriehoekkampus geëvalueer vanaf 2007 tot 2014.

Aantal (N) eksterne programevaluerings (voorgraads en nagraads) vir die tydperk (a) 2007-2013; (b) 2014 en (c) totaal.

Mafikengkampus (Fakulteite)	(a) 2007-2013	(b) 2014	(c) Totaal
Regte	0	0	0
Onderwys en Opleiding	0	1*	1
Geestes- en Sosiale Wetenskappe	6	0	6
Handel en Administrasie	4	6	10
Landbou, Wetenskap en Tegnologie	6	1	7
Totaal: Mafikengkampus	**16**	**8**	**24**
Potchefstroomkampus (Fakulteite)			
L&W	4	0	4
Teologie	2	0	2
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	2	0	2
Gesondheidswetenskappe	5	0	5
Natuurwetenskappe	4	4	8
Regte	0	0	0
Opvoedingswetenskappe	2	1*	3
Ingenieurswese	3	0	3
Totaal: Potchefstroomkampus	**22**	**5**	**27**
Vaaldriehoekkampus (Fakulteite)			
Geesteswetenskappe	9	1*	10
Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie	3	0	3
Totale aantal EPE's by VDK	**12**	**1**	**13**
TOTAAL (NWU)	**50**	**14**	**64**

***Belynde programevaluering**

Beskerming van **Persoonlike Inligting** en **Kwaliteit by die NWU**

Die WBPI (2013)

Werner Coetzee, SR, NWU Regskantoor

Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting van 2013 beskerm persoonlike inligting wat deur enige private of openbare liggaam geprosesseer word.

Persoonlike inligting sluit in maar is nie beperk nie tot enige inligting verwant aan 'n persoon se ouderdom, geslag, huwelikstaat, godsdiens, kultuur, e-posadres, telefoonnommers, fisiese adres, biometriese inligting, persoonlike sienings of opinies, fisieke of geestesgesondheid en misdaad-, finansiële of werksgeskiedenis.

Persoonlike inligting mag egter wel ingesamel word vir'n spesifiek geïdentifiseerde en wettige doel verwant aan 'n funksie of aktiwiteit van die verantwoordelike party, in hierdie geval as deel van die gehalteprosesse by die NWU. Elke betrokkene by hierdie gehalteprosesse moet deeglik bewus wees van die doel van die insameling van sy of haar persoonlike inligting en dit is waarom die doel van elke proses duidelik gestel word in al die verwante leidinggewende dokumentasie soos geplaas op die personeelintranet van die NWU.

Die Kwaliteitskantoor van die NWU sal van tyd tot tyd, as deel van ondersteunende dokumentasie, persoonlike inligting van werknemers insamel en prosesseer ten einde sy rol en mandaat binne die konteks van die Universiteit te vervul.

Die prosessering en/of sifting van persoonlike inligting soos 'n curriculum vitae,'n posbeskrywing en/of prestasieooreenkoms deur die NWU se Kwaliteitskantoor word gedoen ingevolge en ter voldoening aan die WBPI. Die rol van die NWU se Kwaliteitskantoor is naamlik 'n wettige funksie soos ingebed in, onder meer, die Wet op Hoër Onderwys en die Kwaliteitsbeleid van die NWU.

Die prosessering van sodanige inligting deur die NWU se Kwaliteitskantoor en/of paneellede wat 'n vertroulikheidsooreenkoms onderteken het vóór deelname aan die "kwaliteitsevaluerings- of hersieningsproses" behels nie die verskaffing van enige persoonlike inligting van werknemers aan enige derde party of partye nie.

Hierdie vertroulikheidsooreenkomste is wettige dokumente, en indien enige party vertroulike inligting aan enige derde party of partye buite die NWU verskaf, sal hy of sy blootgestel wees aan moontlike gedingvoering in 'n geregshof.

Indaba 2014

Die etiek van werksgehalte en lewensgehalte

"Whenever we interact with other people, there is always an ethical dimension involved. As most of our decisions and actions have an impact on other persons, our work is deeply infused with ethics. But we do not always pay attention to the ethical implications of our words or actions..."

Hierdie is een van die frases uit 'n aanbieding deur prof Deon Rossouw, gasspreker by dié jaar se Indaba.

Foto Links: Prof Rossouw is die Hoof Uitvoerende Beampte van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Etiek en 'n buitengewone professor by die Universiteit van Stellenbosch.

Indaba 2014 het op 28 Oktober by die Institusionele Kantoor van die NWU plaasgevind. Dié geleentheid word jaarliks deur die Kwaliteitskantoor aangebied en is goed bygewoon deur ondersteuningspersoneel van die NWU. Hierdie jaar se tema het selfs by akademici belangstelling gewek.

Me Johanna Müller (Kwaliteitsbestuuder: Ondersteuningsdepartmente) saam met Indaba-spreker prof Deon Rossouw en prof Marlene Verhoef (Institusionele Registrateur)

NWU personeel verkeer sosiaal tydens die Indaba